WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 03/2020
24/03/2020

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Attie Keeve van die Infanterie

Attie was sedert 05/01/2020 eers by Unitas Hospitaal behandel en is toe later na die Zuid-Afrikaanse Hospitaal oorgeplaas, in afwagting vir ‘n operasie om ‘n verkalkte hartklep te vervang. Ongelukkig het Estelle met leedwese verwittig dat komplikasies ingetree het en dat Attie op 06/03/2020 in die hospitaal oorlede is. Die gedenkdiens is op 11/03/2020 by die NG Gemeente Eldoraigne in Henriweg gehou. Estelle se selno is 083 447 2214.

2. Passing of Moireen Cecily : Widow of the Late Surg Lt Barry Stacey of the SAN

Angel advises with deep regret “... of the passing of Moireen Cecily Stacey on 01/03/2020. Our sincerest condolences to Dave, Val and Trish. Her memorial service took place at St Olav’s Church in Durban on 05/03/2020”.

3. Terugslag vir John Lizamore van die Infanterie

John verwittig dat hy in ‘n fratsongeluk in die huis sy heupbeen gebreek het. John was in die Wilgeheuwel Hospitaal in Johannesburg vir behandeling opgeneem en word na die operasie in die Bryanston Sub-Acute verder verpleeg. John se selno is is 082 668 4370. Geoff Holland-Muter van die SA Infanterie-vereniging (SAIV) voeg by dat John steeds in die hospitaal is maar goeie vordering maak. John se selno is 082 668 4370.

4. Operasie vir Peet Dreyer van die Infanterie

Geoff Holland-Muter rapporteer dat Peet, die Tesourier van die SAIV, op 18/03/2020 ’n oogoperasie ondergaan het. **Laat berig – die opersasie is weens Corona uitgestel.**

5. Medical Treatment for Peter Lemon of Signals

Gerrit Murphy of Signals advises “… that Peter has been hospitalised for the past eight weeks in 1 Mil Hosp and is taken daily to Unitas Hospital for radiation treatment, while he is also receiving daily Chemo therapy at 1 Mil Hosp. He is allowed to go home over weekends. Peter’s cell number is 076 123 4123”.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

6. Theo (Tallies) Taljaard van die Genie

“Ek is nie meer self met die lig van myne betrokke nie, maar probeer nog om met my firma, *Tango EOD and Training Consultancy*, ander te leer hoe om dit te doen. Is ook tans baie met aanbieding van kursusse oor IED Bewuswording betrokke, wat ook van toepassing is by groot sekuriteitsmaatskappye, staatsinstellings en ander. Hierdie tyd van die jaar is dit maar stil wat die opleiding aanbetref maar ek sal nie moed opgee nie. Daar is nog te veel braakvelde en kennis en ervaring wat gedeel moet word”. Nota. Die slagspreuk van Tallies se firma is soos volg:

If I do a job in 30 minutes, it is because I spent 30 years learning how to do that in 30 minutes. You owe me for the years, not the minutes!

7. Persoonlike Nota van Dr Leopold Scholtz van die infanterie

In ‘n vorige Nuusbrief het hierdie historikus, befaamde skrywer en kommentator verwittig dat 'n aggressiewe vorm van akute leukemie by hom gediagnoseer is. Leopold sê hy is rustig en is in die hande van 'n bekwame Onkoloog en die Hemelse Vader.

Leopold voeg nou by dat hy “… dit relatief goed gaan met my en het reeds my derde kuur voltooi. Dit is nie aangenaam nie, maar beter as die alternatief. Hoofsaak is dat ek leef en nie van plan is om spoedig pad te gee nie. Ek dink in elk geval die hemel sal nie 'n hardegat bliksem soos ek verwelkom nie. Dankie vir die Veterane se belangstelling”.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

8. Canadian Navy to Change to Gender Neutral Ranks

The Navy has stated that they are considering to replace ranks like Seaman, Leading Seaman and others that are gender–neutral to adhere to the progressive nature of the Service and in an attempt to promote recruiting to man their ships. One of Angel’s readers remarked “… surely they are not going to MAN their vessels!”

9. New Warship for Israel

The new Saar VI-Corvette Magen was built in Kiel at German Naval Yards by Thyssenkrupp Marine Systems for the Israel Naval Forces. However, the main purpose of this report is to show the Infanteers, Sappers and others what a modern warship looks like.

TOEKOMSTIGE OORLOë

10. Chinese Forces Expel US Warship in the South China Sea

The Chinese People's Liberation Army (PLA) had expelled a US warship that trespassed into Chinese territorial waters in the Xisha Islands of the South China Sea, amid signs that recent US naval activities in the South China Sea indicate that the USA is losing control in the region and wants to flex its muscles to regain influence. The guided missile destroyer USS McCampbell had trespassed into China's territorial waters in the Xisha Islands, and the PLA Southern Theatre Command organized naval and aerial forces to warn and expel it.

11. Egypt to Attack Turkish Ships off Libya

Arne Soderlund reports in his MN that Egypt has launched a new navy commando force that will work with Libyan militants to block Turkish ships from delivering aid to the internationally-recognised government in Tripoli. The Egyptian military has trained a number of Libyan fighters loyal to rogue general Khalifa Haftar to carry out operations against Turkish navy vessels off the coast of Libya. The force, consisting of around 50 fighters, is a key ally of the UN-backed Libyan government.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

12. Wegwys by Vol Siekeboë

* Bokkie Olivier van die Seiners verwittig dat hy "… die Siekeboeg by Waterkloof LMB een oggend teen 10:30 vir behandeling besoek het, maar is met aankoms meegedeel dat hulle vol is en daar nie meer pasiënte gesien gaan word nie. Daar was egter net 'n beperkte aantal pasiënte wat gewag het om een van die susters te sien. Ek het toe mediese navrae geskakel en is verwys Rietondale Siekeboeg waar ek wel behandeling ontvang het. Ek sal graag wil weet of dit nou normale praktyk is dat pasiënte by die Siekeboë weggewys word".

* Zelda Fourie noem dat "… die Siekeboeg by Wonderboom Militêre Basis nou ook begin het om aan pasiënte te noem dat die aanmeldingsboek vol is en dat daar die volgende dag teruggekom moet word, of na Afd Buite Pasiënte by 1 Mil Hosp vir behandeling gaan". Nota. Dit kon nie bevestig word nie, maar dit blyk dat die SAGD getalle by Siekeboë beperk het om die virus se verspreiding te beperk.

13. Mediese Advies deur Tony Dippenaar van Cela

"Die SMMVF het op 18/03/2020 'n belangrike bulletin uitgereik om die virus te bekamp wat by die e-posadres by info@rfmcf.co.za aangevra kan word. Ek wil voorstel dat die verskillende Veterane-verenigings die bulletin aan hulle lede sirkuleer. Die belangrikste voorkomingsmaatreëls om die virus te bekamp bly die volgende:

* Vermy samedrommings.
* Handhaaf 'n interpersoonlike afstand.
* Was die hande gereeld want gewone seep heel doeltreffend.
* Moenie aan die gesig raak nie".

14. Hantering van Gevalle met die Carona-virus by Militêre Mediese Fasiliteite

Dirk van Rooyen van die ADK is bekommerd dat ons mediese stelsel nie in staat sal wees om sulke gevalle te hanteer nie. Dirk verklaar dat "… dit geen doel sal dien om by `n siekeboeg aan te meld nie aangesien hulle nie oor die nodige fasiliteite beskik nie en jou derhalwe na 'n militêre hospitaal sal verwys. By 1 Mil Hosp jy meld by Afd Buite Pasiënte by

C Blok aan en gaan sit in `n ry totdat jy geroep word om jou bloeddruk en pols te neem. Dan gaan jy na `n wagkamer en daar wag jy om `n dokter om te sien. As hy dink dit is ernstig genoeg sal hy jou na Afd Ongevalle verwys waar jy weer in `n ry gaan sit om jou bloeddruk en pols te neem. Vandaar gaan jy na 'n saal en sit en wag vir `n dokter. Intussen versprei jy die virus so ver as wat jy gaan.

Kan iemand asseblief vir ons vasstel watter stelsel of prosedure gevolg moet word, sou dit nodig wees. Die beste sal wees dat `n sentrale aanmeldingspunt ingerig word waarheen pasiënte, wat meen dat hulle die virus het, moet gaan. Dit moet verkieslik op grondvlak wees om die hysers te vermy".

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

15. Warning about the Corona Virus. The RFMCF) had issued the following Bulletin on 18/03/2020 to advise its members:

The arrival of COVID-19 has come at a time when the seasonal influenza is usually prevalent. This makes it more important to receive the flu vaccine during the specific flu season. Having a flu vaccination can build up your immunity against the strain of flu virus you are vaccinated against and will not lower your immunity. RFMCF members can go to pharmacies of Dischem and Clicks to receive a free Flu vaccine.

If you believe that you may be at risk, you should consult with your SAMHS facility immediately and isolate yourself and people living with you, especially if you have recently returned from areas where cases of COVID-19 have been confirmed.
To prevent the spread of the corona virus, global authorities, including World Health Organization and the SA National Institute for Communicable Diseases recommends the good practice of hand washing with soap and water and sneeze and cough etiquette.

The Corona Virus has been declared a national disaster to minimize the risk of the spread of the virus by limiting contact amongst groups of people and social distancing has been encouraged. For the protection of our members as well as our staff, we have had to close the RFMCF's walk-in facility at our office in Centurion. These precautionary measures will be in place until such time that it is safe to reopen the walk-in facility and have contact with groups of people. Further communication will be sent in this regard. All our other non-contact communication channels will remain available to you. Our e-mail address is info@rfmcf.co.za for enquiries.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

16. Navraag oor Oorlewendes van die Puma-reddingsvlug in Antarktika

Hennie Heymans van die ZARPe noem "… dat Robbie Green graag wil kontak maak met oorlewendes van die Puma-reddingsvlug in Antarktika op 23/04/1980, wat se name op die herdenkingskoevert hieronder verskyn. Robbie werk by by Sanparke en sy navraag spruit uit sy belangstelling in die SAW se geskiedenis. Robbie se kontakbesonderhede is robbiejgreen@gmail.com en 082 497 6972".

17. SAW se Betrokkenheid in Angola. Die volgende inset het op SAMIVA se FaceBook-blad verskyn:

Daar is steeds persone wat die doel van die SAW se ingreep in Angola bevraagteken en aanvoer dat die SAW vir al die skade in die land verantwoordelik is. Wat werklik gebeur het is dat in 1975 die Organisasie vir Afrika-eenheid (die OAE) 'n beroep op die RSA regering gedoen het om vir die FNLA en UNITA te ondersteun, nadat die MPLA, in die aanloop tot die eerste verkiesing, daarin geslaag het om die FNLA uit Luanda te verdryf. Dit sou aan die MPLA 'n onregverdige voordeel met die verkiesing bied en die OAE wou dit verhoed. PW Botha het as Minister van Verdediging opgemerk dat as Afrika ons vra om te help, kan ons nie weier nie. Die CIA het op klandestiene wyse ook dieselfde beroep op die RSA regering gedoen. Die bogenoemde het toe tot Op Savannah aanleiding gegee. Hierdie informasie is in F. du T. Spies en Sophia du Preez se boeke oor Op Savannah geboekstaaf, terwyl Chester Crocker, die USA Under-Secretary of State for Africa, dit ook in sy boek, *High Noon in Southern Africa* : *Making Peace in a Tough Neighbourhood,* noem.

NUWE MILITêRE BOEKE

18. *The SADF and Cuito Cuanavale : A Tactical and Strategic Analysis.* The following describes this fine book by Dr Leopold Scholtz of the Infantry:

A shooting war is often followed by a second war. This war is not fought with bullets or artillery shells, not with tanks or bombers, but rather with words. The war is, in effect, fought again on paper. In 1987 and 1988 the dusty Angolan town of Cuito Cuanavale was the backdrop for the final battles of the Border War. Ever since the war ended, the fighting around Cuito has been the subject of a fierce public debate over who actually won the war. While the SADF claims it was never defeated, the supporters of the Angolan MPLA government, Cuba and SWAPO insist that the SADF was vanquished on the battlefield. They contend that the SADF wanted to overrun Cuito Cuanavale and use it as a springboard for an advance on Luanda. But was Cuito Cuanavale ever really an objective of the SADF? Leopold Scholtz tackles this question by examining recently declassified documents in the SANDF archives, exploring the strategic and tactical decisions that shaped the six main battles, from the SADF's stunning tactical success on the Lomba River to the grinding struggle for the Tumpo Triangle. His incisive analysis untangles what happens when war, politics and propaganda become entwined.

The book is available from Bush War Books for R270.



PAUL ELS SE BOEKE

19. NTR.

WELSYNSWERK

20. Hulp aan Len du Preez van die Genie

Kobus Nieuwoudt van die Genie het op FaceBook gerapporteer dat Len du Preez van die Genie ‘n Diabeet is en dat albei sy bene geamputeer is. Hy en sy vrou woon in Reitz in ‘n klein woonstel agter in iemand se erf. Hulle staatspensioen is omtrent net genoeg om die huur van die woonstel te dek, maar het militêre mediese sorg met ‘n maandelikse bydrae van bykans R800 totdat Len 60 jaar oud is. Len sit gedurende die dag by die Reitz/Petrus Steyn kruising om hulle inkomste aan te vul. Hy word met ‘n taxi vervoer. Hulle dogter studeer Regte aan OVS Universiteit en begin binnekort met haar Meestersgraad. Die studies word gedek met n beurs, maar daar is noodwendig meer uitgawes as wat die beurs kan dek.

Gert Mason van die Genie bring groot verligting deur maandeliks kruideniersware te voorsien en af te lewer. Ek wil graag ‘n beroep op ons lede doen on Len te ondersteun deur bydraes in die rekening ‘Sappers Support’ by Capitec se rekening 1698877127, takkode 470010, te maak. Die idee is om fondse in te samel om in hulle dringendste behoeftes te voorsien. Die betaling van hulle maandelikse mediese bydrae is prioriteit.

Hierdie kan die begin van iets groots wees om hulle wat sukkel te ondersteun. Len se selno is 082 463 6693”.

21. Opmerking deur Johan (Dippies) Dippenaar van die Kavallerie

“Die omstandighede rondom hierdie Veteraan se nood moet onder die Voorsitter van die Raad van Militêre Veterane-organisasies (RMVO) se aandag gebring word. ‘n Versoek om hulp moet aan Lawrence Smith by 082 574 0660 of op lawrence.reginald.smith@gmail.com gerig word”.

22. Behoefte aan Hulp vir Weduwee van Calla Theron van die Geskut

Calla en Hannetjie was ongeveer 10 jaar gelede in ‘n ernstige motorongeluk met dronk Sjinese betrokke wat in Hornsnek aan die verkeerde kant van die pad gery het. Hannetjie

het sedertdien verskeie operasies ondergaan, maar sukkel steeds om te loop. Na Calla se afsterwe vind Hannetjie, wat nie kan bestuur nie, dit moeilik om haar medikasie af te haal en vir doktersafsprake aan te meld. Volgens 1 Mil Hosp kan hulle nie vir Hannatje behulpsaam wees nie. Hannetjie se woonadres is Driensinsirkel 24, Braam Pretoriusstraat in Montana en dit word graag verneem of een of meer van ons lede wat in die omgewing woonagtig is, vir haar kan help om een of meer keer per maand 'n besoek aan 1 Mil Hosp te bring. Hannetjie se selno is 076 830 5494.

ALGEMENE ASPEKTE

23. Memorabilia

* In die vorige Nuusbrief het Koos Pretorius van die ADK vertel dat hy verskeie oudhede van sy oorlede skoonpa, lt-genl Hennie Kotze van Logistiek, ge-erf het. Deel daarvan is die lanyard en mes wat op die foto onder verskyn en hy probeer om die oorsprong van die twee items te bepaal.

* John Redfern of Int Div

"I believe the spike on the knife shown in the photo with the item below was used by the British Army for removing stones from horse's hoofs".

24. *Lesse Geleer*

Gert Minnaar van 61 Meg Bn Gp noem dat hy "… op soek is na 'n eksemplaar van die SA Leër se publikasie *'Lesse Geleer'*. Ek is bereid om dit te koop, of as dit nie te koop is nie, sal ek graag 'n afskrif daarvan wil maak. Ek kan gekontak word op 082 450 6056 of by website@61Mech.org.za".

25. Issue of Mar 2020 of Military Despatches

Robbie Roberts is the Chairman of the Signals Association and advises that the new issue of Matt Tennyson's fine Military Despatches is available on the Net.

26. Sarel du Plessis van die Geskut

In die vorige Nuusbrief is verkeerdelik genoem dat Sarel 'n Infanteris is. Die fout word met graagte reggestel.

27. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Mar 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

28. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

29. Notice to Members of the SAAF Association (SAAFA). Jaap Rossouw is the Secretary of the SAAFA's branch in Pretoria and has issued the following notice:

We believe in the power of community and working together. We can help slow the spread of COVID- 19 Coronavirus. For this reason and to protect the health and well- being of our community the National Office as well as the Pretoria Branch will be temporarily closed. All SAAFA related matters will be done digitally and communication will be done via text and e-mail as per pta@saafa.co.za. Please continue to follow the advice and guidance of government and we encourage all to practice social distancing.

30. Kennisgewing oor die SA Infanterie-vereniging (SAIV) se AJV

Geoff Holland-Muter verskaf vroeë waarskuwing oor die SAIV se AJV wat op 18/05/2020 by die Bronberg Landgoed gehou gaan word. Meer detail later.
Laat berig: Weens Corona is dit uitgestel

31. Loodsvergadering van die SAIV se Tak in Pretoria

Geoff verwittig dat hierdie nuwe tak se loodsvergadering in Apr 2020 by Eveton House in Gloverlaan, Centurion gehou gaan word. Die SAIV wil die tak in Pretoria nou daadwerklik aan die gang kry. Worsbroodtjies sal voorsien word, terwyl 'n kontantkroeg beskikbaar is. Laat weet vir my by Geoff@bexlosa.co.za of op
076 637 935 of Anton Swanevelder by 072 004 555 oor bywoning. Al die Infanteriste in Pretoria word hiermee gemobiliseer om deel te word van die viningste groeiende Veterane-vereniging in die land".
Laat berig: Weens Corona is dit uitgestel

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

32. The Mpati Report

The damning Mpati Report has also been published which provides a complete exposure of the reckless way in which our funds have been spent. The link at http://www.thepresidency.gov.za/download/file/fid/1811 gives the full report.

33. Ledetal van AMAGP se Facebook-blad

As Kleynhans van die Lugafweer noem dat n "… Cosatu se onlangse belaglike voorstel dat ons pensioengeld gebruik moet word, 'n groot ontwaking onder GEPF lede veroorsaak het. Ons Facebook ledetal het so pas die 28 000 merk verbygesteek en ons AMAGP ledetal het die afgelope twee maande met 2 160 aangegroei. Ons is net besig om die jongste lyste te oudit vir moontlike duplikaatregistrasies".

34. Belangrike Dokumente

As noem dat die lede aangeraai word om die twee dokumente te lees wat vanaf my e-posadres by askleynhans@telkomsa.net aangevra kan word:

* Die GEPF se jaarverslag op die skakel by GEPF-SA.
* AMAGP se ouditeur se ontleding van die GEPF se jaarverslag van 2019.

Die druk op ons pensioenfonds is by die dag besig om te verhoog en soek ons steeds duisende GEPF pensioenarisse om hul mandaat vir AMAGP te gee, sodat ons namens hulle vir ons pensioengeld kan veg.

35. Solidariteit se Hofaansoek teen die GEPF

Die vakbond Solidariteit het aangedui dat die GEPF steeds weier om inligting oor moontlike staatskaping en ongelyste beleggings aan die vakbond te verskaf. Dit volg nadat die voorsitter van die parlement se staande komitee oor finansies, Yunus Carrim, die GEPF gemaan het om aan Solidariteit se aansoek gehoor te gee. Volgens Schalk de Bruyn, Hoof van Spesiale Projekte by Solidariteit, het die vakbond dié inligting op 28/08/2020 ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting aangevra.

De Bruyn wys daarop dat die GEPF volgens artikel 25(3) van dié wet konkrete redes vir hul weiering van inligting aan ons moet verskaf. Die GEPF het egter nie duidelike redes aangevoer oor waarom hulle weier nie en voldoen daarom nie aan die bepalings van artikel 25(3) nie. Solidariteit gaan nie die saak daar laat nie. Ons volgende stap is om die hof met 'n hofaansoek te nader.

36. Establishment of AMAGP Concern Groups

Stephanus Versfeld of AMAGP states that we realize that our reports on the social media do not reach our pensioners who do not use Internet and we therefore require other methods to reach these persons. Hennie Roux has recently managed to persuade some AMAGP members in Mossel Bay to establish an interest group that will do AMAGP recruitment in the area and communicate with the local community. Requests were also received from other regions to achieve similar representation. A summary of Hennie's report appears in the next paragraph and it is requested that volunteers spread the document throughout the country. The full report can be obtained from As Kleynhans who will also undertake further coordination of these groups.

37. Stig van AMAGP se Belangegroepe. Die volgende is 'n opsomming van Hennie Roux van AMAGP se verslag:

Daar is 'n wesenlike bedreiging teen die Staatsdiens se pensioenfonds (GEPF) en ten einde groot skade daaraan te verhoed word baie hulp en groter deelname en organisering van lede benodig. AMAGP bestaan uit 'n klein bendetjie wat 'n groot en langtermyn taak in belang van 1,3 miljoen staatswerknemers en 430 000 staatspensioenarisse en hulle afhanklikes aangepak het. In ons doel om die pensioenfonds teen korrupsie en swak bestuur te beskerm is alreeds talle studies onderneem waarvan die detail op ons webwerf gelees kan word.

Met die stig van Belangegroepe kan AMAGP groot getalle lede werf om enigsins deur die regering, GEPF, OBK en ander organisasies ernstig opgeneem te word.
Ons sukkel egter om pensioenarisse te werf wat nie van die sosiale media of internet gebruik maak nie en daar is nou 'n plan geloods om belangegroepe regdeur die land te vestig om lede vir AMAGP te werf. Hierdie belangegroepe sal dan die taak hê om die kommunikasiepoging in hulle gebiede te hanteer, die insameling van fondse, lewer van insette in die plaaslike media en lewer van terugvoer oor AMAGP se insette. Die groepe se bestuur moet nie probeer om alles self te doen nie. Onder die plaaslike pensionarisse bestaan groot potensiaal en kundigheid om te ontsluit sodat die las versprei kan word".

38. Algemene Jaarvergadering van (AJV) van AMAGP op 23/04/2020

Alle pensionarisse word vriendelik uitgenooi na 2020 se AJV. Ons pensioenfonds word meer bedreig as ooit tevore en dit is van groot belang dat u die vergadering bywoon. Registrasie begin om 08:00 op 23/04/2020 en die vergadering sal duur vanaf 09:00 tot ongeveer 15:30. Die agenda sal teen einde Mrt 2020 versprei word. Die AJV word gehou in die ouditorium van die Choose Life Kerk te Rubinsteinrylaan 589, Moreletapark, in Pretoria Oos. Teenwoordiges word versoek om 'n donasie van R50 vir verversings te maak. Verwittig As Kleynhans asseblief teen nie later as 16/04/2020 by askleynhans@telkomsa.net indien u gaan bywoon.

39. Vote of No Confidence in Trustees of the GEPF

Fanie Versfeld of AMAGP calls on the Veterans to "… sign the petition available on the link at http://chng.it/bMyBPJtNC7. The failure of the GEPF Board of Trustees to protect pensioner interests and to keep diligent oversight of the activities of the PIC is now common knowledge in the public domain. The risk for us as members of GEPF is clear in the mere 3.6% annual increase of our pensions that have been announced. In contrast, the Board has granted excessive and shameful high increases for themselves over the past few years! Our goal is to reach 5 000
signatures and we need more support".

40. Tribute to the Leaders of AMAGP. Christo van Dyk had placed the following on the FaceBook of AMAGP as a tribute to AP and friends:



41. New Issue of the GEPF Monitor

The new Issue is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from the e-mail address at amagp.sek@gmail.com.

42. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND.



SOEKTOGTE

43. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

44. Besoek aan Op Sceptic se Doelwit

Johan (Dippies) Dippenaar van die Geskut, 'n eertydse Bev 61 Meg Bn Gp, verwittig dat "… die 61 Meg Veterane-vereniging beplan om weer 'n toer na Angola te onderneem om die operasie van 10/06/1980 te herdenk. Jaap Steyn is die toerleier en belangstellendes kan vir Jaap by 082 927 5890 kontak. Die doel van die toer is om weer op 10 Junie, 40 jaar na Op Sceptic, op die doelwit, kodenaam Smokeshell, te gaan staan. Ek wil graag almal 'n geleentheid gee om dit reg te kry, selfs al beskik nie almal oor die nodige fondse nie. Detail is op die skakel by Kliek Hier beskikbaar. Die basiese reëling is om op Vrydag 05/06/2020 by Urban Camp in Windhoek aan te meld".

45. Infanteriste is Plesierig

Geoff Holland-Muter verwittig dat "…die volgende hinderlaag van die SA Infanterie-vereniging vanaf 11:30 vir 12:00 op Saterdag 18/04/2020 by die Bronberg Landgoed sal plaasvind. Die vergadering van die NUR begin om 09:00 maar sal teen 12:00 afgehandel wees. Bespreek bywoning asseblief by Johann Boshoff by jcbtynw@absamail.co.za. Kostes is slegs R100 per ete en drank is by die kontantkroeg teen militêre pryse beskikbaar. U kan gerus u vrouens saambring om die dag saam met ons te geniet".
Laat berig: Weens Corona is dit uitgestel

ADMINISTRASIE

46. Noem die Adreslys

Dit is nogal ‘n proses om adresveranderings te hanteer. Eerstens moet die nuwe adres op die stelsel geregistreer word, daarna word die die adreslys gesoek waarop die lid se naam tans verskyn om die inskrywing te kanselleer. Die volgende stap is om die naam op ‘n adreslys te plaas, wat kan verskil van waar dit oorspronklik op was, want adresse van telkom, gmail, yahoo en vodamail het hulle eie adreslyste. Daar is 48 adreslyste en lede word asseblief versoek om aan te dui op watter adreslys hulle naam tans verskyn, om die proses te vergemaklik.

47. Noem die Weermagsdeel of Korps

Die weermagsdeel of korps word altyd na lede se name genoem wanneer lede se berigte geplaas word, om hulle identifikasie te vergemaklik. Gewoonlik word navraag gedoen, maar partykeer word geraai en dan is lede nogal ongemaklik as hulle herkoms verkeerd aangedui is. Maak asseblief ‘n gewoonte daarvan om altyd u weermagsdeel of korps by u berigte te voeg.

48. Terugslag met die Nuusbrief

Die Nuusbrief was amper voltooi toe die parmantige Microsoft laat weet dat die inhoud korrup is en dit net daar vernietig. Het maar weer van voor af begin en wil net verskoning maak as daar van u insette is wat nie geplaas is nie. Stuur dit asseblief weer vir insluiting in die volgende Nuusbrief.

NETWORKING

49. NTR.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

50. Food for Thought

* Die stryd is nie verby voordat ons oor die kruin is nie – Genl Georg Meiring

* Life is hard. However, once you understand that, it gets a little easier.

* There are decades where nothing happens and then there are weeks where decades happen – Vladimir Lenin

51. T-Shirts for Gray Power

Tanya Power, the widow of Norman Power of Special Forces, is promoting old age as follows in England:

52. Our Economy Stinks

SLOT

53. En op daardie stink noot, continue to combat the virus for the rest of the month.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

54. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.